

# Om te Smag na Meer



## SABBATMIDDAG

**Lees vir Vandeeweek se Studie:** 1 Kor. 10:1-11, Lev. 4:32-35, Joh. 1:29, Heb. 4:1-11 en Ps. 95:8-11.

**Geheeteks:** “Hierdie gebeurtenisse moet vir ons tot waarskuwing dien sodat ons nie na verkeerde dinge hunker soos hulle gedoen het nie” (1 Kor. 10:6, NLV).

Die Queens Kunsmuseum in New York het die grootste argitektoniese model van ’n stad. Al New York se geboue word daarin uitgebeeld. Die skaal is 1:1,200 (d.w.s. elke 2.5 cm op die modelstadjie is gelykstaande aan 33 meter in die werklike een). Die argitektoniese model beslaan 870 vierkante meter. Die oorspronklike model is in 1964 deur 100 handwerkers gebou en het meer as drie jaar geneem om te voltooi. Dit is mettertyd aangepas om die uitleg van die neëntigerjare te weerspieël. Derhalwe lyk dit nie soos die stad nou – in 2021 – daar uitsien nie. Nietemin is dit ’n ongelooflik ingewikkelde en gedetailleerde weergawe van die oorspronklike.

Op die keper beskou, is en bly dit egter slegs ’n weergawe van die regte stad; ’n voorstelling van iets met meer grootsheid, iets wat groter is; iets met meer diepte en detail as wat die model in staat is om uit te beeld.

Alle modelletjies is eintlik maar so. Dit is nie die oorspronklike nie en is slegs – soos ons reeds gesê het – voorstellings van die oorspronklike. ’n Model help ’n mens egter om ’n basiese idee van die oorspronklike te kry, hoewel die model nooit die oorspronklike kan vervang nie. Die model is dus ’n hulpmiddel, en stel die kyker in staat om intellektueel gesproke vatplek aan die oorspronklike te kry.

Die Skrif wemel van sulke miniatuurvoorstellings, van aktiwiteite en instellings wat almal op verhewe, hemelse werklikhede dui. Hebreërs 4 help ’n mens om een van hierdie hemelse realiteite beter te verstaan, ’n realiteit wat met die Bybelse siening oor rus te make het.

*\*Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 11e September.*

## Gedoop in Moses

**Lees 1 Korintiërs 10:1-11. Wat wou Paulus by die Korintiërs tuisbring met die “voorbeelde” waarvan hy hier praat?**

Die Griekse term *typos* wat in vers 6 gebruik word (wat ook in dieselfde vorm in vers 11 verskyn en dan aangepas word), word in die meeste Afrikaanse vertalings as “voorbeeld” weergegee. Die Engelse *type* en die Afrikaanse *tipe* is beide geneem uit die Grieks. ’n Tipe is ’n voorbeeld of weergawe van iets, en is nooit die oorspronklike self nie. Die Engels het ook ’n bykomende betekenis vir *type*: ’n sinnebeeld, afbeelding of simboliese voorstelling – m.a.w. ’n modelletjie – van die ware Jakob.

Hebreeërs 8:5 is ’n goeie voorbeeld van die verwantskap tussen die ware Jakob en die simboliese: “Hulle [die priesters van die Ou-Testamentiese tabernakelstelsel] bedien egter slegs ’n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: ‘Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het’” (*NAB, klem verskaf*).

Hierdie gedeelte in Hebreeërs beklemtoon die direkte verbintenis tussen hemelse en aardse realiteite, en haal ook Eksodus 25:9 aan waar die Here vir Moses sê om die tenttabernakel in die woestyn te bou, “volgens die voorbeeld” wat Hy op Sinai gesien het. Die punt hier is dat die aardse tabernakel met al sy rituele en prosedures “afbeeldings” en “skadubeelde” – as voorbeelde – van die seremonies in die hemel is, daar waar Jesus as hoëpriester vir ons intree.

Noudat ons dit beter verstaan, begryp ’n mens wat Paulus in 1 Korintiërs 10 probeer oordra. Hy keer terug na bepaalde deurslaggewende gebeurtenisse tydens die Israëliete se woestynomswerving onderweg na die Beloofde Land. Die “voorvaders” waarvan Paulus hier praat, verwys na die Jode wat destyds uit Egipte opgetrek het, diegene wat die wolk- en vuurkolom gevolg het, wat deur die Skelfsee gegaan het – mense wat almal ’n soort doop ondergaan het deur die slawelewe af te sterwe en in die bevrydingslewe te ontwaak.

Paulus beskou hierdie bakens in die volk se woestynomswerving as voorbeelde van die doop wat die gelowige as individu ondergaan. Volgens Paulus se argumentasie verwys “geestelike voedsel” (*1 Kor. 10:3, NAB*) waarskynlik na die manna (*vgl. Eks. 16:31-35*). Israel het ook water uit die rots gedrink, wat Paulus as ’n skadubeeld van Christus beskou (*1 Kor. 10:4*). Dink hier ook aan ander versinnebeeldings van Jesus, soos dat Hy “die brood van die lewe” (*Joh. 6:48, OAB*) en die “lewende water” is (*hfst. 4:10*), wat honderd persent sin maak. Wat ons hier in Paulus se skrywe bespeur, is die gebruik van Ou-Testamentiese geskiedenis as afbeeldings van geestelike waarhede, met die idee dat dit in elke gelowige se lewe toegepas sal word.

**Dink ’n bietjie terug aan die Israëliete se wedervaringe soos dit in Eksodus beskryf word. Watter geestelike lesse kan ’n mens uit hul “voorbeeld” leer, beide aangaande die goeie en die bose dinge wat hulle gedoen het?**

## Rituele en Dieroffers

Die Ou-Testamentiese offerstelsel en al die rituele wat daarmee verband hou (soos dié wat in Levitikus beskryf word), is verdere voorbeelde van die skadubeelde wat ons gister bespreek het – Ou-Testamentiese simbole wat op Nuwe-Testamentiese waarhede dui. Hoewel die moderne lesers dikwels net vluglees oor dié rituele, bevat hulle vele belangrike waarhede. Boonop kan hulle besonder waardevol wees vir elkeen wat die moeite doen om dit te bestudeer.

**Lees die voorskrifte in Levitikus 4:32-35 aangaande die sondoffer wat die deursnee Israeliet moes bring. Wat kan gelowiges uit hierdie ritueel leer, selfs al het ons nie meer tabernakels en tempels met altare waarop sondoffers gebring word nie? Tref 'n verband tussen dié ritueel, en die dinge wat in Johannes 1:29 en 1 Petrus 1:18-21 beskryf word.**

'n Ritueel is 'n fantastiese instrument vir die oordra van belangrike waardes en inligting, en behoort as 'n konteksgebonde aktiwiteit verstaan te word. Dit vereis dikwels 'n bepaalde plek en tydstop, asook 'n reeks voorafbepaalde handelinge, ten einde doeltreffend te wees. Wanneer 'n mens inderdaad deur die Ou-Testamentiese voorskrifte aangaande offers lees, blyk dit duidelik dat God gedetailleerde voorskrifte in dié verband gegee het – wat geoffer mag word, en waar en wanneer, asook die rituele wat 'n bepaalde offer moes voorafgaan en wat daarop moes volg.

Bloed – die vergieting en sprinkel daarvan – vorm natuurlik die kern van baie van hierdie rituele. Dit was 'n nare besigheid – presies soos dit veronderstel was om te wees – omdat dit met die lelikste ding in die heelal te doen het: sonde.

Watter rol het bloed in die offerstelsel gespeel en hoekom moes dit aan die horings van die brandofferaltaar gesmeer word? Hoewel meerderheid van die tabernakelrituele wat in die Ou Testament genoem word voorskriftelik is (m.a.w. uiteensettings oor die korrekte uitvoer daarvan is), gee dit nie altyd al die redes vir daardie handelinge nie. Miskien is dit so omdat die mense alreeds die betekenis van die offerrituele verstaan het. Die Israeliete het immers die betekenis van bloed verstaan (*Lev. 17:11*).

Die offer wat in Levitikus 4:32-35 beskryf is, bevat ook 'n belangrike verduideliking in vers 35: “Die priester doen so versoening vir die sonde wat die persoon gedoen het, en die Here sal hom vergewe” (*NLV*). Bloed was dus 'n sleutelement in die totale versoeningsproses, die metode waardeur sondaars dinge met 'n heilige God kon reg stel. Wat uit die offerstelsel blyk, is dat dit 'n skadubeeld is – dit is Christus se dood en bediening om ons ontwil, in die klein.

**Bepens die volgende: hoe geweldig boos sonde moet wees aangesien dit die vrywillige soendood van 'n lid van die Godheid – van Jesus – gekos het ten einde dit reg te stel. Wat sê dit vir die gelowige aangaande die feit dat 'n mens altyd op genade en nooit op werke moet staat maak nie? Wat kan ons, per slot van rekening, byvoeg tot die kruisdood wat Christus ter wille van ons gesterwe het?**

## Die Simboliek van Rus

Benewens die voorbeelde wat ons alreeds bekyk het, kan 'n mens hierdie idee van simbole of skadubeelde ook op die Bybelse begrip van rus toepas. 'n Mens sien dit in die Nuwe-Testamentiese boek Hebreërs.

**Lees Hebreërs 4:1-11. Waarna verwys dié oorblywende belofte oor die rus in Christus wat ingegaan moet word? Let op Israel se wedervaringe in Eksodus asook hulle woestynomswerwing. Watter bykomende insigte put 'n mens daaruit aangaande die rus in Christus wat ons moet ingaan?**

---

Twee temas is baie belangrik hier, dié van volharding en getrouheid. Hoewel dit hier oor die Sewendedag-sabbat gaan, is dit (asook die voorafgaande gedeelte en Hebreërs 3:7-19), op die keper beskou, 'n oproep aan die gelowige. Ons moet volhard in die geloof, d.w.s. ons moet aan die Heiland en sy evangelieboodskap getrou bly.

Hierdie skrifgedeeltes wys die leser op die lesse wat die volk oor die eeue heen uit God se leiding geleer het, en vra opnuut dat ons erns daarmee maak, “sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie” (*Heb. 4:11, NAB*). Hierdie skrifgedeelte sê vir ons: let op, vir julle is hier ook 'n les te leer! Israel het inderdaad die evangelieboodskap ontvang, maar hulle het niks daaruit geleer nie. In plaas daarvan om op die Here te vertrou en aan Hom gehoorsaam te wees, en sodoende hul geloof te versterk, verkies hulle toe rebellie (*vgl. Heb. 3:7-15*); met die gevolg dat hulle nooit die rus ervaar het wat God hulle wou gee nie.

Hebreërs 4:3 wys op die nou band tussen geloof en rus. Ons kan slegs sy rus ingaan wanneer ons glo in, en vertrou op, die Een wat die rus belowe het, die Een wat by magte is om daardie belofte na te kom – en dit is, natuurlik, Jesus Christus.

**Lees weer Hebreërs 4:3. Let op die mense waarna hier verwys word. Wat was hulle groot probleem? Watter les kan die moderne gelowige hieruit put, ons wat “die blye boodskap ontvang [het] net soos hulle” (*Heb. 4:2, NAB*)?**

---

Die vroeg-Christelike gemeenskap het God se eerste openbaring aanvaar, d.w.s. daardie gedeelte van die Skrif wat ons die Ou Testament noem. Hulle het ook geglo dat Jesus Christus die Lam van God is, die groot soenoffer vir hul sondes. Deur daardie geloof in Jesus se soendood kon hulle verlossing in Hom belewe, asook die rus in Christus wat Hy die gelowige bied.

**Hoe kan ons die rus smaak wat Christus aan sy kinders belowe het, deur daadwerklik te begryp dat die bloed van Jesus vir ons verlossing bring? Hoe doen 'n mens dit boonop met die wete dat ons deur genade gered is, en nie deur werke nie?**

## Moenie Jul Harte Verhard Nie

**Lees** Hebreërs 4:4-7 en Psalm 95:8-11. Waarteen word die destydse leser in hierdie twee skrifgedeeltes gewaarsku, en wat sê dit vir ons vandag?

Hebreërs 4:4-7 haal beide die skeppingsverhaal en Psalm 95:11 aan, en doen dit met verwysing na die Israeliete se ontrouheid, d.w.s. met betrekking tot hul versuim om in te gaan in die rus wat God vir hulle wou gee.

Psalm 95:8-11 toon inderdaad 'n verband tussen Israel se woestynomswerwinge en die rus wat God bied, en praat ook van die eed wat God gesweer het, naamlik dat die ontroue Israel nie daardie rus sou ingaan nie, 'n rus wat in daardie stadium met die Beloofde Land geassosieer is.

Israel het natuurlik die Beloofde Land binnegegaan. 'n Nuwe geslag het die grens oorgesteek en het, met God se hulp, die land se vestings ingeneem waarna die Israeliete hulle daar gevestig het. Hulle het egter nie God se beloofde rus ingegaan nie, aangesien min van hulle daadwerklik verlossing in Jesus beleef het, vanweë 'n gebrek aan geloof wat duidelik in hul blatante ongehoorsaamheid te lese is. Hoewel rus met die landstreek Kanaän geassosieer is, behels eersgenoemde meer as net 'n plek op aarde.

**Hebreërs 4:6 sê hier dat diegene aan wie die belofte van ware rus gemaak is, dit a.g.v. ongehoorsaamheid nie ontvang het nie. Wat is die verband tussen ongehoorsaamheid en die onvermoë om God se rus in te gaan?**

Die woord “vandag” dui op 'n dringendheid. “Vandag” beteken dat die tyd vir handjies gevou sit verstreke is. “Vandag” dring aan op 'n respons, op 'n besluit wat nou geneem moet word.

Paulus besluit om die Griekse woord *sēmeron* – d.w.s. “vandag” – te gebruik, en beklemtoon dit binne die konteks van die res van sy argument. Psalm 95:7 en 8 is weer 'n waarskuwing en 'n pleidooi aan die kinders van die Here om nie die foute van hul voorvaders te herhaal nie, om nie die ware rus mis te loop was slegs in die verlossing te vinde is wat God ons bied nie.

**Wat betekenis behoort die hedendaagse gelowige te put uit die woorde, “Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie” (NAB)? Hoekom is dié woordjie, vandag so belangrik? Psalms het dit, per slot van rekening, reeds duisende jare gelede gebruik. Hoekom is dit nietemin net so belangrik vir ons “vandag” as wat dit vir die gelowiges duisende jare gelede was?**

## Om 'n Hemelse Stad te Verower

Die logiese ontwikkeling van die kernidees in Hebreërs 4 word veral duidelik in verse 8 tot 11. Josua het nie aan die Israeliete van ouds ware rus gegee nie. Gevolglik – en aangesien die Here nie 'n leuenaar is nie – moet daar 'n ander “rus” wees wat God se volk moet ingaan. Die volk waarvan ons hier praat, bestaan egter nie net uit Jode nie. Almal wat Jesus as hul persoonlike Verlosser aanvaar het, is deel van dié groep [hulle is m.a.w. geestelike Israel].

**Lees Galasiërs 3:26-29 en let op die eienskappe van God se verbondsvolk-na-die-kruis. Wat beteken dit, binne die konteks van Paulus se skrywe, dat daar nie meer Jood of Griek, slaaf of vryman, manlik of vroulik is nie?**

Party gebruik Hebreërs 4 om die onderhouding van die Sewendedag-sabbat te beklemtoon, terwyl andere dit gebruik om die Sabbatsrus ongeldig te probeer bewys, siende dat daar nog 'n rus aan die voleinding van die wêreld belowe word. Nie een van die twee standpunte laat egter reg aan dié skrifgedeelte geskied nie. Dié gedeelte wys die leser eerder op die volgende: dat hierdie fokus op God se spesiale rus as 'n eindtyd-gebeurtenis reeds sedert die skepping met ons is, en dat die viering van die Sabbatsrus die gelowige 'n weeklikse voorsmakie van daardie eindtydse rus bied. Die Jode verstaan inderdaad ook die Sabbat as 'n mini-voorloper tot die *'olam haba'* (“die komende wêreld”).

Die Sabbatsrus wat oorbly vir die volk van God, wat God se rus op die heel eerste Sabbat weerspieël, beteken dat ons ons eie werk opsy kan sit en op die Here kan vertrou om sy verlossingsbelofte aan die mens gestand te doen.

In teenstelling met die argumente van party bybelgeleerdes, ondersteun die konteks van hierdie skrifgedeelte nie die siening dat die Sabbatsgebod in vervulling gegaan het nie. Diesulkes redeneer dat die verlossingsrus wat Christus vir ons bewerkstellig het, die weeklikse Sabbatsrus onnodig maak. Die rus wat ons as belofte deur die soendood van Christus ontvang, vervang egter nie die Bybelse Sewendedag-sabbat nie. Allermens. Dit versterk die Sabbat.

In hierdie ou wêreld word mense wat hulself opgewerk het, diegene wat vreeslik hard gewerk het en wat dinamies is, vreeslik hoog aangeslaan. Om dus in Jesus te rus en te vertrou dat sy genade voldoende vir ons redding en transformasie is, is gewis radikaal en andersdenkend.

**Soms dink mense dat die sondes wat hulle gedoen het net te erg was, dat hulle nie van binne verander kan word nie, en dat daar geen hoop vir hulle is nie? Hoe kan 'n mens diesulkes help om rus in Jesus te vind? Watter teksverse en skrifgedeeltes sal jy met hulle deel?**

**Stof tot Nadenke:** “Ons is nie altyd bereid om ons beproewinge en probleme na Jesus te bring nie. Soms deel ’n mens dit [wel] met ander mense. Ons neem ons kwellings na diegene wat ’n mens nie kan help nie, en versuim om alles vertroulik met Jesus mee te deel – Hy wat in staat is om ons smarte te neem, en dit in vreugde en vrede te omskep. Selfverloëning, om die eie-ek ter syde te stel, is tot eer van Christus se kruisdood en onderstreep die oorwinning wat Hy behaal het. Die Here se belofte is baie kosbaar. Ons moet die Skrif bestudeer as ons wil weet wat die wil van God is. Daardie woorde wat deur die Heilige Gees gegee is, moet noukeurig ondersoek en prakties uitgevoer word – dan sal dit ons op die eenvoud van die regte pad bring, ’n weg waarop ’n mens nie struikel nie. As almal – lidmate en predikante – tog net hul laste en bekommernisse na Jesus wil neem! Hy staan gereed om daardie probleme te ontvang, om dit vir sy vrede en rus te verruil! Hy versaaak nooit as te nimmer diegene wat op Hom vertrou nie” (Ellen G. White, *The Signs of the Times*, 17 Maart 1887, bl. 161).

“Sien julle, liewe jongmense, met vreugdevolle hoop en met afwagting uit na daardie tyd wanneer die Here, wat die regverdige Regter is, jul name voor die Vader en voor die heilige engele bring? Die allerbeste voorbereiding vir die wederkoms van Jesus is om diepgelowig te rus in die groot verlossing wat Hy ons met sy eerste koms gebring het. Julle moet in Christus as jul persoonlike Heer en Heiland glo” (Ellen G. White, *Our High Calling*, bl. 368).

## Besprekingspunte:

- ① Wat is so spesiaal aan die Sewendedag-sabbat dat dit voor God se hemelse rus vir sy kinders kom? Met ander woorde: hoe bied die Sabbatsrus die gelowige ’n voorsmaak van die ewigheid?
- ② Versoening is ’n herstel van die band tussen God en sy volk, en dit verlig die pad terug na Hom. Let op die volgende belangrike woorde in Romeine 5 vers 11: “Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het” (NAB). Hoe sal jy antwoord as iemand jou moet vra: “Wat beteken dit om met God versoen te wees?” en ook: “Watter verskil het dit in jou lewe gemaak?”
- ③ Soms raak gelowiges vreeslik behep met die klein goedjies van hul Christelike wandel. Hoe voorkom ’n mens dit? Hoe gemaak om nie die groter prentjie wat die Bybel ons bied, uit die oog te verloor nie?
- ④ Dink weer aan al die volk se foute en gebrekkige geloof in die woestyn. Die presiese aard van hul uitdagings verskil natuurlik van ons s’n. Byvoorbeeld, ons swerf nie deur ’n letterlike woestyn nie. Nietemin stem ons belewenisse in sekere opsigte ooreen. In watter opsigte stem dit ooreen? Met ander woorde: in watter opsig kom ons voor dieselfde uitdagings as die Israeliete te staan, en hoe kan ons uit hul foute leer?